Maandag 6 April

Skrifgedeelte: Genesis 9:1-19

Fokusgedeelte: Genesis 9:9, 11

Ons belydenis oor God die Vader se skeppingswerk

Na die sondvloed bevestig God weereens die opdrag aan sy skepping: Wees vrugbaar en vermeerder en vul die aarde. In die Nederlandse Geloofsbelydenis Artikel 12 bely ons rakende die opdrag: *Hy onderhou en regeer hulle almal nou nog deur sy ewige voorsienigheid en oneindige krag om die mens te dien, sodat die mens sy God kan dien.*

Die doel van die skeppingsopdrag is sodat ons God kan verheerlik. Daarom maak God verder 'n belofte aan sy skepping. God sal nie weer die aarde vernietig as gevolg van die sonde van die mens nie, en ewig sal God die aarde in stand hou. Die verbond wat God met Noag gesluit het, openbaar aan ons dat God alleen die skepping onderhou en regeer. Onderhou neem dus die betekenis in dat God nooit die werke van sy hande laat vaar nie, ten spyte wat die mens se uitwerking op die skepping is.

Tog sien ons dat die skepping wel swaar trek onder die sonde van die mens. In Romeine 8:22 lees ons: *Want ons weet dat die hele skepping tesame sug en tesame in barensnood is tot nou toe*. Die skepping is nog onderwerp aan die gevolge van die sondeval, en daarom wag skepping en gelowige op die finale uitkoms van God se verbond in Genesis 9.

Ons sien die ewigheid van God se verbond met die natuur laastens in die vervulling van die skepping. In Openbaring 21 lees ons van die hemel en die aarde wat nuut gemaak gaan word deur die finale skeppingswerk van Christus. Met die wederkoms van Christus word die vloek wat die mens oor die skepping gebring het (Gen. 3:17) tot niet gemaak. So sal die skepping self in ewigheid vasgelê word.

*Sing: Psalm 24-1:1; Skrifberyming 18-6 (57):1-4*

*Ds. JG (Jan) Ehlers (Meyerton)*